Dag 4 – Josef die dromer

Inleiding: Vertel vir jou gesin wat is jou gunsteling kleur en hoekom dit jou gunsteling is. Noem 2 goed waarvan jy hou wat daardie kleur is.

Woord: Genesis 37, 39:1-6

(video van storie ook beskikbaar by: *https://www.bible.com/af/kids*)

- Oorsig oor Josef se verhaal -

Toe Josef 17 jaar oud was, het hy dikwels sy pa se troppe vee saam met sy halfbroers opgepas. Jakob het Josef liewer gehad as al sy ander kinders. Eendag gee hy vir Josef 'n besondere geskenk, 'n pragtige jas. Josef se broers het hom gehaat omdat hulle pa hom voorgetrek het.

Een nag het Josef 'n droom gehad en hy het dit vir sy broers vertel. Hy het gedroom dat hulle op die landerye werk en sy broers se gerwe koring het voor syne gebuig. Daarna het hulle hom nog meer gehaat. Hulle het hom vreeslik gespot. Josef het nog 'n droom gehad. Hy het gedroom die son, maan en elf sterre (dieselfde getal as sy broers) het voor hom neergebuig. Sy broers het gedink hy sê hy is belangriker en beter as hulle.

Eendag het Josef se pa hom na sy broers gestuur waar hulle in die veld besig was om die vee op te pas. Hy moes gaan kyk hoe dit met sy broers gaan en vir sy pa kom vertel. Toe sy broers hom sien aankom, het hulle planne gemaak om hom dood te maak. Ruben het hulle gekeer. Hy het voorgestel dat hulle Josef eerder in die put gooi. Toe Josef daar aankom, het hulle sy spoggerige jas uitgetrek om hom in die put gegooi. Verkoopsmanne het daar verbygekom en die broers besluit toe om Josef vir 20 stukke silwer as 'n slaaf in Egipte te verkoop. Potifar het vir Josef gekoop om as slaaf in sy huis te werk. Hy het baie van Josef gehou en hom as hoof van sy huishouding aangestel.

Gesels as gesin oor die volgende vrae:

1. Hoekom was Josef se broers jaloers op hom?
2. Hoe het Josef se broers van hom ontslae geraak?
3. Watter broer het hom probeer help?
4. Wie het vir Josef gekoop?
5. Watter taak het hy vir hom gegee?
6. Hoe voel jy as iemand lelik/onregverdig teenoor jou optree?

Gebed

Liewe Heer, help my om lief te hê eerder as om kwaad te word.

Kies 'n aktiwiteit

1. Sny vir Josef uit 'n papierbord en versier sy jas

2. Help Josef om sy pad na Egipte te vind deur die doolhof.







3. Vind die woorde uit die storie

A	B	C	E	F	V	G	D
I	H	G	F	F	E	F	E
J	A	L	O	E	R	S	G
A	S	G	H	J	K	W	J
S	J	S	D	F	O	J	F
Y	P	S	D	R	O	O	M
H	U	T	D	H	P	D	J
N	T	E	R	E	S	B	F
M	H	J	G	J	K	R	F
J	O	S	E	F	J	O	T
A	E	E	G	F	J	E	O
K	F	G	I	K	K	R	J
O	F	F	P	T	T	S	H
B	J	J	T	E	E	E	E
K	S	S	E	U	N	D	G

JAS

JALOERS

VERKOOP

JOSEF

JAKOB

DROOM

PUT

EGIPTE

SEUN

BROERS